

Nomades voetslaanklub.  
 Tierfontein Staproetes, Bo-plaas kamp  
 Parys / Potchefstroom.  
 Basiskamp roete-terugvoer. 23-25 Oktober 2015.



Marius Stander, Norma Grotius, Anna-Marie Lotter, Luitha Dafel, Magda Grobler, Janie Steinmann, Wilna Moolman en Dalene Van Zyl kuier en stap die naweek saam.

Bietjie oor die 200km vanaf Pretoria in die Vredefortkoepel area. Ons ry deur Parys, oor die rivier en sowat 22km grondpad, deur Venterskroon en daar is ons by Tierfontein plaas.



Ons Akomodasie by Bo-Plaaskamp is in 'n steenhuisie met 2 kamers. Karee en Mispel. 3 Stapelbeddens in elk. Dan 'n groter rondawel met 4 stapelbeddens en 'n enkelbed en dan 'n kleiner rondawel met 3 stapelbeddens. Dus 27 sou hier kon slaap. Dunnerige matrassies maar met netjiese oortreksels. Die kombuis het 'n gas-yskas en 2-plaat gasstoof en heelwat potte en panne asook 2 lekker groot ketels word voorsien. 'n Lekker kuier area ook hier binne sou die weer buite nie lekker wees nie. Daar is EEN warmwater(gas) stort, een kouewater bad en 2 privaat sitplekkies in die kamp. Led Liggies in elke vertrek. 'n Lekker luukse. Die middag nog het hulle by die swembad/dam mooi plaveisel en netjiese trappies op na die swembad se inklim gebou. Hulle het ook hout voorsien vir beide aande se kuier.



Langs die swembad is dan die buite-braai area (foto heel regs) en elders ook 'n lapa met 'n kleiner maar heel lekker onderdak braai.

Die 'Bundu' (regs) kamp wat bietjie hoër geleë is het 3 hutte. DamDam, Woza en Roman. Met 'n buite-kombuis-afdakkie en meer bos-styl ablusie met riet-mure.



Saterdag oggend so 7:30 vat ons die pad. Ek het so tydjie gelede die roetes ook geloop en speel somer toerleier. Eers 'n entjie op sig-sag met 'n bultjie verby die 'Oppikant' kampie waar daar 2 A-raam huisies is wat elk net 2 slaap. Dan op na die heliograaf wat rigting aandui na al die omliggende dorpe. Op die riffie tot by die Bundu kamp en dan verder. Af in 'n klofie, oor 'n droë lopies en verby 'n ou kraal en op na 'n platotjie waar die meeste roetes bymekaarkom. Op na die lekker groot ou koelteboom net na 'Gods View', verby die 'Mini Forest' en die ou goud-myn-grawings. Nou min of meer op die plato met sy vergesigte in alle rigting en proteatjies oral. Dit raak warm en net so twee of dalk drie van ons as ons knap staan kan 'n



proteabossie/boompie se koelte benut. Ons stap van koelte tot koelte. Die Deel van die roete is eindelijk ook bekend as die 'Kruin-Roete'. Net anderkant die hooggebaken begin ons te daal in die kloof af. Oor nog 'n droë lopies met lekker bome wat 'n oase sou kon wees as die groener en nater was. Af en Af tot in die kloof. Hier besef almal dat dit wat af moet weer later op. Maar dit is later se uitdaging. Die dam by die Windpomp waar die eienaar wat ons die vorige aand ontmoet het, genoem het ons kan water kry, lyk maar bietjie muf en ons verkies om nie saam met die vlieë ons midagete te deel nie. 'n Entjie verder kry ons 'n lekker groot boom-groepie waaronder ons Almal gemaklik kon inpas en neem 'n lekker lang middag-ete-rus-slapie



(na elkeen se eie smaak). Skoene uit en ontspan en sommige van ons soek figure in die wolke.



Na 'n baie rustige si-esta wat Nomades gerus meer kan doen om sommer so in die bos te ontspan en te 'wees' pak ons op toe dit begin lyk asof die wolke wil reën bring. Nou

'n hele entjie aan min of meer op 'n plaaspadjie en ook verby die in en uit draaie na die Venterkroon/Rooihaas/oornag/rugsak staproete-bene. Verby 'n voerkraal en bees-laaiplek en 'n opstal. Dan draai op skerp regs weg uit die plaaspadjie. Hier is die Op wat ons verwag het.

'n Lekker steil kloof op, wat ook ongelooflik mooi sal wees met sy amperse tropiese bome en lopies (ook tans droog) as dit sou nat en groen wees. En dan amper skielik en onverwags is ons uit die kloof en op die plato/ooptetjie waar ons vroër vandag ook die deel gekruis het by die groot-borde-paal. In die kloof reën dit so sewe of agt druppels.



Dan weer in die rigting van die Bundu kamp waar ons gou gaan kyk na die fasiliteite.

Nou sommer af met die motor-paadjie en terug tot by ons Bo-plaaskamp wat 'onder' Bundu-kamp geleë is. Ons het vandag so 13km gestap. Lekker!

Skoene uit en die 'waglys' opgestel om een-een deur die enigste stort te werk. Die middag Rugby geluister en heerlijk die aand onder die toe lapa gebrui, want dit het weer gelyk na reën, maar nie veel het geval nie.

Die Sondag oggend gou weer opgeloopt na die Bundu-kamp se ringting en 'n ander lussie oor nog 'n ander koppie en saaltjie geloop. Weer 'n 1/2 uur of wat sommer net gekuier onder 'n enkel ou boom op 'n oopte in sy lekker skadu. En dan 'n lekker plat paadjie nou terug kamp toe. Seker so 4-5 km vir vir oggend. Die spiere gestrek. Ingepak en opgepak.



Puik fasiliteite, nie te luuks nie, maar alles werk. Netjies en skoon en Mooi Ver uitsigte en verskeidenheid op die roete oor vlaktes en koppies en klowe. Kom gerus.

Op pad terug stop ons by die Saloon met sy karaktervolle dekor in Venterskroon, drink ietsie daar, en gaan kyk na die Ou Skoolmeesterhuis waar die 'Rooihaas' oornagroete-stappers ook dan sou kon oorslaap. Daar is ook 'n museum, maar beide word tans reggemaak en opgedateer en is nie aktief nie. Van hier af kan jy ook 'n 10km sirkel roete stap via 'n waterval. Die 'Noko' staproete begin ook hier.



#### **Finansies:**

Inbetaling deur 8 stappers (1 nie-lid) : R2220

Uitbetaling aan Anvie Ventures : R2130 (2 nagte @ R130 per nag x 8 persone)+R50 besprekingsfooi. Charcoal : R80

Projek surplus : R10

*Vind vorige terugvoer van ander roetes wat Nomades gestap*

*het soos die 'op Nomades se webtuiste onder 'Roete-terugvoer'*

*Groete, Marius Stander*

[WWW.NOMADES.CO.ZA](http://WWW.NOMADES.CO.ZA)

[MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com)

